

4-7-71

In the Supreme Court of South Africa
In die Hooggereghof van Suid-Afrika

Appel Provincial Division)
 Provinsiale Afdeling)

Appeal in Civil Case
Appèl in Siviele Saak

DIE SEKRETARIS VAN BINNELANDSE SAKE *Appellant,*

versus

1. SHARIFA SHABOEDIEN; 2. EBRAHIM MOHAED SHABOEDIEN *Respondent*

Appellant's Attorney
Prokureur vir Appellant *Respondent's Attorney*
Adj. S.P. (Bmftn.) *Prokureur vir Respondent.*

Appellant's Advocate
Advokaat vir Appellant *Respondent's Advocate*
Advokaat vir Respondent

Set down for hearing on
Op die rol geplaas vir verhoor op 11. 11. 1971

3. 4. 5. 8. 11

(K.P.A.)

2-12-1971

Hierdie persgelyke T.A. appelsaak word gesek. Die
 beweert van die "oorlog" in groen word verwant en dat
 die oorlogsword moet uitstaan van die
 "oorlogsgelyke".

C. J. G. F. S.
 SOUTH African APPEAL COURT
 CRIEFFER, APPELHOEFS.
 BLAARSPONTEIN.

2-12-1971
 Bills Taxed—Kosterekennings Getakseer

Writ issued
 Lasbrief uitgereik

Date and initials
 Datum en paraaf

Date Datum	Amount Bedrag	Initials Paraaf

IN DIE HOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APPèLAFDELING)

In die saak tussen :

DIE SEKRETARIS VAN BINNELANDSE SAKE ... Appellant

en

EBRAHIM MOHAMED SHABOODIEN ... Respondent

CORAM : BOTHA, WESSELS, POTGIETER, RABIE et MULLER, A.RR.

VERHOOR : 11 NOVEMBER 1971.

GELEWER : 2 Desember 1971

U I T S P R A A K

WESSELS, A.R. :

Die tersaaklike feite en die aard van die twis tussen die partye blyk uit die uitspraak van my kollega Potgieter.

Artikel 11(1) van die Bevolkings-registrasiewet, 1950, vir sover dit hier van belang is, bepaal dat iemand "wat hom veronreg voel oor sy klassifikasie deur die Sekretaris ingevolge artikel 5, kan binne dertig dae na die bedoelde klassifikasie aan hom

2/.....bekend

bekend geword het skriftelik by die Sekretaris teen bedoelde klassifikasie beswaar maak."

Die tydperk wat aan iemand gegun word om beswaar te maak teen sy klassifikasie, word op ondubbelsoinnige wyse gekoppel aan kennis van die betrokke persoon dat hy deur die Sekretaris "ingevolge artikel 5" geklassifiseer is. Die datum waarop die klassifikasie geskied het, is van geen belang nie. Die rede vir hierdie bepaling is voor-die-hand-liggend. 'n Regsgeldige klassifikasie kan 'n drastiese en beslissende uitwerking op die regte en leefwyse van die betrokke persoon hê. Die bepalings van artikel 11 getuig van die Wetgewer se besef dat 'n persoon wat hom veronreg voel oor sy klassifikasie, ruim geleentheid gegee moet word, met 'n uiteindelike beroep na hierdie Hof, om sy geval vir heroorweging voor te lê.

Gedurende 1961 het appellant, ter uitvoering van sy plig hom by artikel 5 opgelê, voorgegee dat respondent as Indiër geklassifiseer word ooreenkomsdig voorskrifte van etniese of ander groepe, waarin gekleurdes geklassifiseer moet word, bevat in Proklamasie 46 van 1959. In Arnold v Race

3/.....Classification

Classification Appeal Board and Another, 1967(2) S.A. 267 (C)

is die voormalde Proklamasie weens vaagheid nietig verklaar.

In Arnold se saak het die applikante teen haar klassifikasie as Indiër beswaar gemaak, en beweer dat sy 'n Kaapse Maleier is en as een geklassifiseer moes gewees het. Die vraag of die Proklamasie moontlik, weens vaagheid, nietig is, is mero motu deur die Hof geopper, wat die saak daarna vir verdere betoog uitgestel het. Die bevel van die Hof lui soos volg (op bl. 275 D - E) :

"The classification of the appellant as ^{as} Indian is set aside and the second respondent is directed to alter the appellant's classification to that of a Coloured person. There are in the opinion of this Court no ethnic or other groups defined by the State President in accordance with the powers conferred upon him by sec. 5(2) of the Population Registration Act, 30 of 1950. The Proclamation by which he purported to do so is void for vagueness."

Wat die meriete van die geval betref, het die Hof (op bl. 275 B) gesê :

"..... because it is not beyond the bounds of possibility that the appellant may find herself again affected by validating or other legislation, I would add that a consideration of the evidence

convinced me that she had established that she was generally accepted as a Cape Malay and, had the Proclamation been valid, she should have been classified accordingly by the respondents."

Vanweë die nietigheid van die Proklamasie kan die Hof vanselfsprekend nie die Sekretaris beveel om die appellante as Kaapse Maleier te klassifiseer nie, en al sou die Sekretaris van Binnelandse Sake self so'n klassifikasie wou gedoen het, sou hy sy bevoegdheid oorskry het.

Artikel 7 van die voormalde Wet bepaal, onder meer, dat daar "ten opsigte van iedere persoon wie se naam in die register opgeneem word, behalwe n Bantoe, die volgende besonderhede in die register opgeneem en geen ander besonderhede hoegenaamd nie, naamlik -

(a)

(b) sy klassifikasie ingevolge artikel vyf;"

Luidens artikel 2 van die Wet, moet die Sekretaris n register van die bevolking saamstel en word dit daarna "deur hom in stand gehou." Dit volg dat sowel samestelling as instandhouding met inagneming van die bepalings van die Wet moet geskied.

5/..... Dit

Dit kan vermoed word dat die Sekretaris in Arnold se geval die bevel van die Hof uitgevoer het, en die applikante as n gekleurde persoon geklassifiseer het. Die bevolkingsregister en applikante se persoonskaart moes ook ooreenkomsdig die Hof se bevel verander geword het. Die Sekretaris sou blykbaar ook die noodwendige implikasie van die uitspraak in Arnold se geval besef het, nl., dat in iedere geval waar hy voorgegee het n gekleurde persoon volgens die voorskrifte van Proklamasie 46 van 1959 te klassifiseer, hy sy bevoegdheid oorskry het, en besonderhede in die register opgeneem het wat hy nie geregtig was om daarin op te neem nie, en dat persoonskaarte wat na aanleiding van die voormalde "klassifikasie" uitgereik is, ook onjuiste besonderhede betreffende klassifikasie bevat het (artikel 13(2)(b)). Die korrektheid van die uitspraak in Arnold se geval is blykbaar aanvaar; dit was in alle geval nie in die onderhawige gedingvoering ter sprake nie.

Die Wetgewer het aan die Sekretaris die plig opgedra om die register behoorlik (d.w.s. met inagneming van die bepalings van die Wet) in stand te hou. Na die nietigverklaring

van die bovermelde Proklamasie, was dit, na my mening, die plig van die Sekretaris om stappe te doen om sy ongemagtigde "klassifikasie" van gekleurde persone ooreenkomstig die nietige Proklamasie reg te stel. As gevolg van hierdie ongemagtigde "klassifikasie" het sy register, en persoonskaarte wat na aanleiding daarvan uitgereik is, onjuiste besonderhede bevat. Na die uitspraak in Arnold se saak bekend geraak het, sou gekleurde persone vermoedelik aanvaar het dat die Sekretaris sy plig sou uitvoer, en sou dié van hulle wat "veronreg" gevoel het, geadviseer gewees het dat gedingvoering onnodig is. Of die Sekretaris in enige mate regstellings na aanleiding van Arnold se uitspraak gedoen het, is nie bekend nie; dit is egter nie in die geval van respondent gedoen nie.

Dit was dan die stand van sake, wat respondent se "klassifikasie" betref, toe Proklamasie 123 van 1967 op 26 Mei 1967 uitgevaardig is. Latere wetgewing (artikel 62 van Wet 70 van 1968 en artikel 8 van Wet 106 van 1969) wat die posisie raak, word in die uitspraak van my kollega Potgieter aangehaal. Die uitwerking van die Proklamasie en die latere

wetgewing is ongetwyfeld dat n ongemagtigde "klassifikasie", wat sonder enige regsgevolge was, in n regsgeldige klassifikasie ingevolge artikel 5 omgeskep is. Dat dit vir alle doeleindeste geag moet word dat respondent van meet af aan "ingevolge artikel 5" deur die Sekretaris geklassifiseer is, is nie betwiss nie. Vir die doeleindeste van hierdie uitspraak kan aanvaar word dat respondent se ongemagtigde "klassifikasie" as Indiër gedurende Augustus 1961 aan hom bekend geword het, dat hy toe nie van die nietigheid daarvan bewus was nie en hom toe nie veronreg daaroor gevoel het nie. Dit is gemene saak dat hy nie beswaar daarteen gemaak het nie.

Die vraag is nou: wanneer het dit aan respondent bekend geword dat hy "deur die Sekretaris ingevolge artikel 5" as Indiër geklassifiseer is? Die vraag of n persoon kennis van n feit het is n feitevraag. So ook die vraag betreffende die datum waarop hy die kennis gekry het dat n sekere feit bestaan. Dit kom my as eienaardig voor om te besluit dat n persoon kennis van n feit het waar dit blyk dat die feit inderdaad, objektief gesien, nie bestaan nie, maar

slegs volgens die mening van die betrokke persoon n bestaande feit is. Die vraag is nie of n persoon hom die bestaan van n feit voorgestel het nie, maar wel of die feit by objektiewe beoordeling bestaan het.

Ek het reeds hierbo daarna verwys dat tot en met die uitvaardiging van Proklamasie 123 van 1967, daar geen regsgeldige klassifikasie van respondent deur die Sekretaris "ingevolge artikel 5" was nie. Hierdie feit, nl., n regsgeldige klassifikasie van respondent "ingevolge artikel 5", -- het eenvoudig nie bestaan nie. Respondent se dwaling, en gevolglike foutiewe geloof dat so'n feit bestaan, kon nie daartoe lei dat sy vergissing in n werlikheid omgetower word nie. Die voormalde wetgewing, met sy terugwerkende krag, het so'n resultaat beoog en bereik. n Nie-bestaaande feit is in n bestaande feit omskep. Dit is namens appellant betoog dat kennis op n ewe fiktiewe grondslag met terugwerkende gevolg aan respondent toegedig moet word. Indien so n bedoeling deur ondubbelsinnige woordgebruik of noodwendige afleiding aangedui word, moet daar natuurlik gevolg aan gegee word.

Na my mening word dit nie uitdruklik in artikel 21A van die Wet (soos ingevoeg deur artikel 8 van Wet 106 van 1969) bepaal dat, vir die doeleindes van artikel 11, dit geag word dat n persoon se klassifikasie ingevolge artikel 5 van die Wet aan hom bekend geword het toe hy kennis van n vorige nietige "klassifikasie" gekry het nie. Indien die Wetgewer dit beoog het, kon dit met gemak op heel eenvoudige wyse gestel gewees het. Voorts is daar, na my mening, ook geen regverdiging voor om die wet so te vertolk dat die bedoeling by noodwendige afleiding daargestel word nie. Die praktiese uitvoerbaarheid van die betrokke wetgewing behoeft nie n uitleg wat n persoon se regte onder artikel 11 op so'n onbillike wyse inkort nie.

Na my mening blyk dit dus uit die appelskyn dat, hoewel dit geag moet word dat respondent gedurende 1961 ingevolge artikel 5 van die Wet as Indiër geklassifiseer is, hierdie klassifikasie as n feit eers op 27 Februarie 1970 aan hom bekend geword het toe sy prokureur aan hom die implikasies van wetgewing na die uitspraak in Arnold se saak

verduidelik het.

Ek sou die appèl met koste afwys.

M. Doe - et

RABIE, A.R. : Stem saam

IN DIE HOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA.
(APPELAFDELING).

In die saak tussen:

DIE SEKRETARIS VAN BINNELANDSE SAKE.....APPELLANT.

en

EBRAHIM MOHAMED SHABOODIEN.....RESPONDENT.

CORAM: BOTHA, WESSELS, POTGIETER, RABIE et MULLER, A.RR.

VERHOOR: 11 NOVEMBER 1971.

GELEWER: 2 DESEMBER 1971.

UITSPRAAK.

POTGIETER, A.R.:

Gedurende 1961 is respondent (applikant in die Hof a quo) ingevolge die Bevolkingsregistrasiewet No. 30 van 1950 (soos gewysig) as Indiër geklassifiseer en 'n

persoonskaart.../2

persoonskaart waarop sy ras as Indiërs aangedui word, is in daardie jaar per aangetekende pos aan hom versend. Dit word nie betwissel dat respondent die persoonskaart ontvang het nie. Dit blyk trouens duidelik uit 'n brief wat hy aan die Bevolkingsregister gerig het op 14 Augustus 1961 waarby sy persoonskaart ingesluit is met die versoek dat sy voornaam Mohadick, soos dit op die persoonskaart voorkom, vervang word deur Mohamed. Op 15 September 1961 het die Bevolkingsregister geantwoord dat, aangesien die voornaam Mohadick op sy geboortesertifikaat voorkom, aan sy versoek nie voldoen kon word nie.

Respondent het op daardie stadium geen beswaar geopper nie teen sy klassifikasie wat heet ingevolge die Wet en Proklamasie 46 van 1959 gemaak te gewees het. Die enigste redelike gevolgtrekking wat op die stukke voor die Hof gemaak kan word, is dat respondent hom berus het in sy klassifikasie en dit aanvaar het. 'n Fotostatiese afskrif van sy persoonskaart is by die stukke aangeheg en is oënskynlik

wettiglik ingevolge die Wet en die Proklamasie uitgereik.

Dit is dienstig om die tersaaklike wetgewing verbatim aan te haal. Die tersaaklike gedeeltes van artikel 5 lui soos volg:

5. (1) Iedere persoon wie se naam in die register opgeneem word, word deur die Sekretaris as 'n blanke, 'n gekleurde of 'n Bantoe, na gelang van die geval, geklassifiseer, en iedere gekleurde en iedere Bantoe wie se naam aldus opgeneem word, word deur die Sekretaris volgens die etniese of ander groep waartoe hy behoort, geklassifiseer.
- (2) Die Staatspresident kan by proklamasie in die Staatskoerant die etniese of ander groepe waarin gekleurdes en Bantoes ingevolge subartikel (1) geklassifiseer moet word, voorskryf en omskryf, en kan so 'n proklamasie of 'n proklamasie wat heet ingevolge hierdie subartikel uitgevaardig te wees, op soortgelyke wyse wysig of intrek.
- (3) (a) Die Staatspresident kan in 'n proklamasie bedoel in subartikel (2) waarby 'n vroeëre proklamasie, met inbegrip van 'n proklamasie wat heet ingevolge dié subartikel uitgevaardig te wees, gewysig of vervang word, bepaal dat enigets wat gedoen is

ა ეს ეტაპი გვია უკიდოი და მცირებული ციფრის გადასახადი.

2 ეს ეტაპი გვია უკიდოი და მცირებული ციფრის გადასახადი.

3 ეს ეტაპი გვია უკიდოი და მცირებული ციფრის გადასახადი.

4 ეს ეტაპი გვია უკიდოი და მცირებული ციფრის გადასახადი.

5 ეს ეტაპი გვია უკიდოი და მცირებული ციფრის გადასახადი.

6 ეს ეტაპი გვია უკიდოი და მცირებული ციფრის გადასახადი.

7 ეს ეტაპი გვია უკიდოი და მცირებული ციფრის გადასახადი.

8 ეს ეტაპი გვია უკიდოი და მცირებული ციფრის გადასახადი.

9 ეს ეტაპი გვია უკიდოი და მცირებული ციფრის გადასახადი.

(ეს ეტაპი ერთ უკიდო ციფრის გადასახადი და მცირებული ციფრის გადასახადი შემდეგ დანართში მოიხსენიერეთ.)

III ციფრების გადასახადი

ამ ეტაპი გვია უკიდოი და მცირებული ციფრის გადასახადი.

(ა) კარიბის უკიდო ციფრის გადასახადი

(ბ) კარიბის უკიდო ციფრის გადასახადი

IV ციფრების გადასახადი

ამ ეტაპი გვია უკიდოი და მცირებული ციფრის გადასახადი.

(ა) კარიბის უკიდო ციფრის გადასახადი

(ბ) კარიბის უკიდო ციფრის გადასახადი

(გ) კარიბის უკიდო ციფრის გადასახადი

(დ) კარიბის უკიდო ციფრის გადასახადი

en op 26 Mei 1967 is Proklamasie 123 van 1967 uitgevaardig.

Die tersaaklike gedeeltes daarvan lui soos volg:

"Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel vyf van die Bevolkingsregistrasiewet, 1950 (Wet No. 30 van 1950), trek ek hierby in proklamasies No. 46 van 1959 en No. 27 van 1961, en verklaar ek hierby -

- (a) dat met ingang van die sewende dag van Julie 1950, ondergenoemde groepe die groepe is waarin gekleurdes geklassifiseer moet word;
- (b) dat enigiets wat gedoen is of heet gedoen te wees kragtens die bepalings van genoemde proklamasies en gedoen kan word kragtens die bepalings van hierdie proklamasie geag word kragtens die bepalings van hierdie proklamasie gedoen te wees;"

(Hierna volg n uiteensetting van die gemelde groepe waaruit dit nou blyk dat n gekleurde nie in meer as een groep geklassifiseer kan word nie). Hierdie Proklamasie is wetsgeldigheid verleent by artikel 62 van Wet 70 van 1968.

By artikel 8 van die Wysigingswet op Bevolkingsregistrasie, No. 106 van 1969, is n nuwe artikel 21 A by die Hoofwet, No. 30 van 1950, ingevoeg. Die tersaaklike sub-
artikels van dié artikel lui:

- "(4) n Klassifikasie wat gedoen is of heet gedoen te wees ingevolge artikel 5 (1) voor die inwerkingtreding van Proklamasie

No. 46 van 1959, en n klassifikasie wat gedoen is of heet gedoen te gewees het ooreenkomsdig die bepalings van genoemde Proklamasie No. 46 en Proklamasie No. 27 van 1961 en wat ooreenkomsdig die bepalings van Proklamasie No. 123 van 1967 gedoen sou kan word, word geag ooreenkomsdig laasgenoemde bepalings gedoen te wees, en wel op die datum waarop dit aldus gedoen is of heet gedoen te gewees het.

- (6) n Klassifikasie wat heet ingevolge artikel 5 (1) gedoen te wees is nie ongeldig nie bloot op grond van die feit dat die persoon deur wie die klassifikasie heet gedoen te wees nie behoorlik daartoe gemachtig was nie."

Die tersaaklike gedeelte van artikel 11 van die

Wet lui soos volg:

- "(1) Iemand wat hom veronreg voel oor sy klassifikasie deur die Sekretaris ingevolge artikel 5, kan binne dertig dae, of so n langer tydperk van hoogstens een jaar as wat die Minister mag toelaat, na die bedoelde klassifikasie aan hom bekend geword het, maar onder geen omstandighede later nie, skriftelik by die Sekretaris teen bedoelde klassifikasie beswaar maak.

- (4) Iedere beswaar wat die Sekretaris ingevolge subartikel (3) ontvang binne die

tydperk bedoel in subartikel (1), word deur hom vir beslissing verwys na n raad van minstens drie persone, met inbegrip van die voorsitter, wat vir dié doel.... saamgestel is....."

Op 5 Maart 1970 het respondent in behoorlike vorm n beswaar teen sy klassifikasie as Indiër per lugpos aan appellant versend vir oorweging deur n raad saamgestel ingevolge artikel 11 (4). Op 19 Maart 1970 het appellant aan respondent n skrywe gerig waarin hy weier om die beswaar na sodanige raad te verwys op grond daarvan dat, ingevolge artikel 21 A (4) van die Bevolkingsregistrasiewet, die beswaar nie binne dié in artikel 11 (1) voorgeskrewe tydperk ingedien is nie. Respondent het daarop by wyse van kennisgewing van mosie aansoek gedoen om n bevel wat appellant sou gelas om binne sewe dae respondent se beswaar na n raad, vir dié doel saamgestel, te verwys vir verhoor.

In sy beëdigde verklaring ter ondersteuning van sy kennisgewing van mosie beweer respondent dat hy op 27 Februarie 1970 deur sy prokureur meegeledeel is dat sy klassifikasie in 1961 nietig was, maar, vanweë die bepalings

van artikel 21 A (4) van die Bevolkingsregistrasiewet en
van Proklamasie 46 van 1959, hy beskou moet word wettiglik as
Indiër geklassifiseer te gewees het. Hy beweer voorts dat
niemand hom ooit vantevore in kennis gestel het dat hy geldig-
lik as Indiër geklassifiseer is nie en dat hierdie feit eers
op 27 Februarie 1970 aan hom bekend geword het. Respondent
se bewering is verder dat sy beswaar wat deur appellant
voor 19 Maart ontvang is derhalwe binne dié in artikel 11
(1) voorgeskrewe tydperk ingedien is. Appellant beweer
dat respondent se klassifikasie as Indiër in 1961 aan hom
bekend geword het en dat sy beswaar bygevolg nie binne die
voorgeskrewe tydperk ingedien is nie. Die Hof a quo het
beslis dat weens die feit dat Proklamasie 46 van 1959,
waarvolgens respondent in 1961 as Indiër geklassifiseer is,
ongeldig en nietig was, sy "klassifikasie" in 1961 ook
ongeldig was. Daar kon volgens die geleerde Regter in
1961 geen klassifikasie as "Indiër" wees nie en het daar
dus geen verpligting op respondent gerus om teen sy

"klassifikasie"..../9

"klassifikasie" in 1961 beswaar te maak nie. Gevolglik het die Hof a quo beslis dat dit eers op 27 Februarie 1970 aan respondent bekend geword het dat hy "geldiglik" geklassifiseer is as Indiër en dat sy beswaar dus binne die voorgeskrewe tydperk ingedien is. Bygevolg is respondent se aansoek met koste toegestaan.

Teen hierdie bevel is appellant nou op appèl by hierdie Hof.

Die advokaat vir appellant het betoog dat, ingevolge artikel 21 A (4) van die Bevolkingsregistrasiewet, respondent se klassifikasie geag word ingevolge Proklamasie 123 van 1967 gedoen te gewees het op die datum gedurende 1961 toe dit aldus gedoen is of heet gedoen te gewees het en dat sodanige klassifikasie dus beskou moet word om te alle tye geldig te gewees het. Bygevolg het respondent se klassifikasie gedurende 1961 aan hom bekend geword en is sy beswaar van 5 Maart 1970 derhalwe nie binne die voorgeskrewe typerk ingedien nie.

Die advokaat vir respondent, daarenteen, betoog dat,

volgens die beslissing in Arnold se saak, Proklamasie 46 van 1959 kragtens waarvan die klassifikasie in 1961 gemaak is, ongeldig verklaar is, dat sodanige klassifikasie dus n nietigheid was en dit beskou moet word dat daar in 1961 dus geen klassifikasie gemaak is nie; derhalwe was daar geen verpligting op respondent om teen sodanige klassifikasie beswaar te maak nie. Voorts betoog die advokaat dat respondent eers op 27 Februarie 1970 verneem het dat sy klassifikasie in 1961 vanweë die wetgewing na Arnold se saak nou as geldig geag word, en dat bygevolg n geldige klassifikasie eers op daardie datum aan hom bekend geword het; gevolglik was sy beswaar betyds ingedien.

Die uitwerking van artikel 21 A (4) van die Wet en Proklamasie 123 van 1967 is klaarblyklik om die posisie wat geskep is deur die beslissing in Arnold se saak reg te stel met terugwerkende krag. M.a.w. enige klassifikasie wat in gevolge Proklamasie 46 van 1959 heet gedoen te gewees het, moet derhalwe beskou word om van meet af aan geldig te gewees het. Die gevolg hiervan is dat respondent se klassifikasie in 1961, .../11

1961, beskou moet word vanaf die datum daarvan, as be-

heorlik ingevolge die Bevolkingsregistrasiewet gedoen te

gewees het.

Die vraag wat ter beslissing val is wanneer respondent se klassifikasie subjektief aan hom bekend gevord het. Dit is n feitevraag wat beslis moet word op 'n behoorlike uitleg van die betrokke wetgewing. Soos reeds opgemerk, het die feit van sy klassifikasie in 1961 aan hom bekend geword. Hy beweer nie dat hy op daardie datum bewus daarvan was dat Proklamasie 46 van 1959, waarlangs sy klassifikasie gedoen is, ongeldig was en dat hy om daardie rede nie beswaar geopper het nie. Trouens sy houding na hy sy persoonskaart ontvang het, dui daarop dat hy altyd, en wel tot 1970, aanvaar het dat hy geldiglik ingevolge die Wet geklassifiseer is. Hy het nie veronreg gevoel oor sy klassifikasie as Indiër nie en het derhalwe nie beswaar gemaak nie.

In feite het daar n klassifikasie geskied wat

heet .../12

heet gedoen te gewees het ingevolge Proklamasie 46 van 1959.

Daardie feitelike handeling, hoewel ten tyde daarvan ongeldig, word deur die betrokke wetgewing geag geldig te gewees het op die datum toe dit gedoen is. Daardie handeling het aan respondent bekend geword gedurende 1961 en bygevolg moet dit beskou word dat hy toe reeds kennis gedaar het van 'n klassifikasie wat, kragtens die latere wetgewing, beskou moet word om vanaf die datum daarvan, geldig te gewees het, en hy beweer ook nie dat hy sy klassifikasie ooit anders as geldig aanvaar het nie. Hy het vir die eerste keer op 27 Februarie 1970 verneem dat sy klassifikasie, wat hy as geldig aanvaar het, aanvanklik ongeldig was, maar het terselfder tyd ook verneem dat dit deur latere wetgewing terugwerkend geldig gemaak is. Hy kan dus klaarblyklik nie nou beweer dat hy op 27 Februarie 1970 vir die eerste keer verneem het dat sy klassifikasie geldig was nie, en dat 'n geldige klassifikasie eers op daardie datum aan hom bekend geword het nie.

Indien die betoog ten behoeve van respondent

korrek is, sou dit beteken dat 'n persoon, wat onder die
~~indruk verkeer het dat sy klassifikasie geldiglik ingevolge~~
die Wet geskied het en wel binne die voorgeskrewe tydperk
beswaar aangeteken het aangesien hy veronreg gevoel het
oor sy klassifikasie, welke beswaar afgewys of toegestaan
is deur die raad, nou weer beswaar kan maak binne dertig dae
nadat hy bewus geword het daarvan dat sy klassifikasie,
hoewel aanvanklik ongeldig, nou, kragtens die betrokke wets-
~~bepalings~~, as van meet af aan geldig beskou moet word.
Dit is voor-die-hand-liggend dat hy nie weer beswaar kan
maak nie aangesien die bevinding van die raad ook, op die
wetgewing soos dit tans staan, beskou moet word as geldig te
gewees het toe dit gemaak is.

Voorts, indien die redenasie van die Hof a quo
en van respondent se advokaat korrek is, sou 'n persoon wat
ingevolge die Wet, maar deur 'n ongemagtige persoon geklassi-
~~fiseer is, soos volg kon redeneer: Dat hy in 1960 geklassifi-~~
seer is as 'n Indiër; dat dit volgens sy persoonskaart nie

geblyk het dat sy klassifikasie deur 'n ongemagtigde persoon gedoen is nie en, aangesien hy destyds nie veronreg gevoel het nie, hy geen beswaar aangeteken het teen sy klassifikasie nie; dat in 1969 die bepalings van artikel 21 A (6) van die Wet, soos ingevoeg deur artikel 8 van Wet 106 van 1969 (hierbo aangehaal) tot sy kennis gekom het; dat hy daarop navraag gedoen het en uitgevind het dat hy in 1960 deur 'n ongemagtigde persoon geklassifiseer is en dat sy klassifikasie destyds ongeldig was; dat hy terselfdertyd eers verneem het dat sy klassifikasie in 1960, kragtens artikel 21 A van die Wet, nou as geldig beskou moet word ondanks die feit dat dit deur 'n ongemagtigde persoon gedoen is; dat hy derhalwe binne dertig dae nadat die 1969 Wet tot sy kennis gekom het beswaar kan aanteken aangesien 'n geldige klassifikasie op daardie datum eers aan hom bekend geword het. So 'n redenasie sou, na my oordeel, klaarblyklik ongegrond wees.

In sy uitspraak het Tebbutt, W.R., die volgende gesê:

„Daar mag wel gevalle wees waar persone kort voor die uitspraak in die Arnold saak supra

onder Proklamasie 46 van 1959 geklassifiseer was en wat welwetend dat hulle „klassifikasie“ ongeldig was, nie beswaar daarteen geopper het nie, maar wat in 1969 na die inwerkingtreding van Artikel 21 A (4) wel beswaar wou maak. As Mn. Pienaar se betoog korrek is, soos hy ook moes toegee, sou sulke persone se besware buitentyd wees en sou hulle dus deur Artikel 21 A (4) van hulle regte ontsê word. Dit is n welbekende vermoede by die uitleg van n Wet dat die wetgewer nie n onbillike, onregverdige of onredelike resultaat beoog het nie."

Soos ek reeds hierbo opgemerk het, is die vraag of sy klassifikasie aan n persoon bekend geword het n feitevraag en dit moet beoordeel word na gelang van die omstandighede van elke saak. Kennis van n klassifikasie met die wete van ongeldigheid daarvan is klaarblyklik nie kennis soos beoog deur artikel 11 (1) van die Wet nie. Indien n persoon dus, onder die omstandighede genoem deur Tebbut, R., bewus daarvan was dat sy klassifikasie, volgens die beslissing in Arnold se saak ongeldig was, en ondanks die feit dat hy veronreg gevoel het, geen beswaar binne die voorgeskrewe tydperk gemaak het nie,

kan aangevoer word dat 'n effektiewe klassifikasie nie subjektief aan hom bekend geword het nie. In so'n geval sou gesê kan word dat 'n effektiewe klassifikasie slegs aan hom bekend geword het op die datum toe Proklamasie 27 van 1967 of Artikel 21 A (4) tot sy kennis gekom het. Hy sou dus moontlik beswaar kon aanteken binne dertig dae na daardie datum op grond daarvan dat hy veronreg voel oor sy klassifikasie. So 'n persoon verkeer in 'n geheel ander posisie as die persoon wat aanvaar het dat sy klassifikasie geldiglik ingevolge die Wet geskied het, dog nie beswaar gemaak het nie, omdat hy nie veronreg gevoel het oor sy klassifikasie nie. Dié persoon het subjektief kennis gedra van, wat hy aanvaar het 'n effektiewe klassifikasie te wees, en wat, vanweë die latere wetgewing, beskou moet word om op die datum toe daardie klassifikasie geskied het, wel 'n effektiewe klassifikasie te gewees het.

Om die voorafgaande redes kom ek dus tot die slotsom dat, by die toepassing van die latere wetgewing,

respondent se klassifikasie gedurende 1961 aan hom bekend

geword het en hy derhalwe nie binne dié by artikel 11 (c)

voorgeskrewe tydperk beswaar aangeteken het nie.

Bygevolg slaag die appèl met koste. Die bevel van die Hof a quo word verander na: "Die aansoek word met koste van die hand gewys."

H.Potgieter
POTGIETER
APPÈLREGTER

BOTHA, A.R. }
MULLER, A.R. } Stem saam.